LIGDRAERS VAN GOD

MIDWEEK

Nuusbrief van NG Nelspruit-Suid
013 – 744 1925

Beste Lidmaat en gesin,

Twee verlore seuns

26 November 2023

Tema: Twee verlore seuns en ’n liefdevolle Vader

Skriflesing uit Lukas 15:11 - 32

Die verhaal wat ons vind in Lukas 15, is aan meeste mense bekend as die verhaal van die Verlore seun. Baie ken hierdie verhaal en meeste ken iemand wat al in hulle lewe soos die verlore seun ver ompaaie geloop het.

Maar dis net een deel van wat Jesus deur hierdie verhaal met sy vele kante vir ons wil kom vertel. Hierdie verhaal handel nie net oor een verlore seun nie. Hierdie verhaal handel eintlik oor twee verlore seuns en ten diepste gaan dit oor ’n liefdevolle, genadige vader.
Aan die eenkant wil ons simpatie hê met die oudste broer. Dit lyk vir ons vanuit ‘n menslike perspektief, onregverdig wat sy pa doen. Die jonger broer het mos reeds sy erfporsie ontvang en die uitgemors. Dit wat die vader nog besit is dan mos eintlik alles bedoel vir die oudste broer. Sy woorde dat hy al die jare ‘soos‘n slaaf’ vir sy pa werk, gee hom weg. Hy verstaan nie wat dit beteken om ‘n seun te wees nie en hy ken nie werklik sy vader se hart nie. Die oudste seun is ‘n pligsmens en nie ‘n dankbaarheidsmens nie. Hy is nie minder selfgerig as sy broer nie. Nie een van die twee seuns in die storie het ‘n opregte verhouding met die Vader nie. Nie een van hulle is werklik dankbaar vir wat hulle vader vir hulle doen nie.

Die Vader is God wat alle mense lief het. God die Vader wat vol liefde en genade is. Hy is ‘n Vader wat 2de kanse gee. vergifnis, vreugde, vrygewigheid en getrouheid. Die belangrike selfinsig wat ons in die verhaal moet ontdek, is dat ons maar elkeen iets van beide die reaksies op God se genade het. Soms is ons die wegbreek-rebel van ‘n jonger seun, maar gelukkig kom ons ook tot berouvolle inkeer. Soms egter is ons die selfgenoegsame ouer seun wat by die huis is maar tog nie met dankbaarheid die vreugde van ‘tuis wees en tuis voel’ beleef nie. Wat se godsdiens ‘n Gewoonte en nie ‘n Verhouding is nie. Wat voel ons verdien meer God se genade en liefde as ander wat al meer gefouteer het in die lewe. Soms voel ons ook dis onregverdig as mense wat hulle hele lewe lank drooggemaak het en met God se genade gemors het, tot inkeer kom en ook gered word en gaan mag aansit aan Godse feesmaal.

Die gelykenis wil ons laat wegbeweeg van hierdie twee vorme van ‘n oppervlakkige verhouding met God na ‘n opregtekind-Vader verhouding waarin ons werklik dankbaar is teenoor die Vader. Die jonger seun ontdek die vader is ‘n vader van tweede kanse en ‘n nuwe begin endie nuwe, liefdevolle verhouding met die vader. Die vader poog om ook die ouer seun te begelei om in te sien dat sy godsdienstige pligsbesef en erns hom van ‘n opregte verhouding met die Vader kom beroof het. Die verhaal kom leer ons dat sonde afstand met God skep. Beide die twee seuns was verlore weens sonde. Hulle sonde het net verskillend gelyk. Enige iets wat maak dat ek en jy nie in ‘n opregte verhouding met die Vader leef nie, is sonde.

Die gelykenis het ‘n byna frustrerende ‘oop einde’. Ons weet nie wat die ouer broer se reaksie is nie. Kom hy tot inkeer en vier hy saam fees of bly hy vasgevang in sy selfgesentreerdheid en ondankbaarheid? Ons weet selfs nie of die jonger seun toe vir altyd tevrede was om te lewe in die warmte van sy vader se liefde nie. Die oop einde is egter juis daar sodat ek en jy kan besef dat ons ook soos die twee seuns besluite moet neem.

Gebed: Dankie Hemelse Vader dat U ‘n liefdevolle en genadige God is. Dankie dat U ook vir my wag met ope arms. Dankie Jesus dat U verlossingswerk weer die verhouding tussen ons en die Vaderkom herstel. Heilige Gees help my om te besef wanneer ek soos een van die twee seuns optree. Amen.

Vir volledige videoboodskap oor die tema, **klik hier.**

Knie-aksie

Bid asb vir lidmate wat ongesteld is, herstel na operasies of tans in die hospitaal is:

Lex Bester
Henk Craig
Marlie Hagen (dogter van DC en Annelize Human)
Annatjie Hefer
Janet Starbuck
Sme Van Zyl
Jo Viljoen
Les Williams

Die Bybelstudie is beskikbaar op YouTube, **Klik hier vir video**.

Donderdag 30 November	18:00	Delf in die Woord in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925
Vrydag 1 Desember	12:00	Roudiens wyle Esmé van Rooyen in die kerk
Sondag 3 Desember	08:30	Erediens, Doop en Kleuterkerk afsluiting
	18:00	Koinonia byeenkoms in die konsistorie Chris Mostert 082 555 1946
Dinsdag 5 Desember	18:00	Mannegroep aflsuiting Ds Louis Pienaar 082 878 1743
Woensdag 6 Desember	06:00	Broodbreek in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925

Medelye word betoon met:

Lood van Rooyen en familie

na die heengaan van

sy eggenote Esmé.

Verjaarsdae 75jaar en ouer
Baie geluk aan...

Desember

2de	-	Koot van Staden
5de	-	Johan Grimbeek
	-	Gerrie Swanepoel
	-	Karel Viljoen

PROJEK 500

500 Geskenke vir Senior Burgers

Sakkies by deure, bring terug voor of op
Maandag 11 Desember 2023
Handig in by kerkantoor of Sondae by Kerk

Lidmate wat by dienste lewer:

Algemene Praktisyn: City Health, Henshallstraat 21, Winkel 6B. Woensdae R350 konsultasiefooi vir pensionarisse. Dr Sentene Goosen by 078 389 2444.

Verkoop of koop van u eiendom: Skakel Miemie Ferreira by 0834682058

Verskaf en vervang rou riempies: Skakel Dewald 082 680 5806.

Glasfit. Alle motor en huis glas, Windskerm-*chip repairs*, *Motor Smash and Grab* tint, Huis Tint, Xpanda sekuriteits produkte, alle motor rubbers en *clips*. Sekelbos en Hardekool braaihout Skakel Henri 082 551 7779.

Windskerms & Ruite: Vervang en herstel. Skakel Maritha Snyman by 084 589 0620

Algemene Instandhouding en Onderhoud : Skakel Hennie Venter by 082 927 3638

Shekaina Design & Landscaping: Skakel Hennie Venter by 082 927 3638.

Lost Trail Gastehuis: Skakel Annelize by 082 462 5548

Benodig jy hulp met klein takies? Gerald Visser help graag. Skakel hom by 072 313 5640

CM on the go Accounting and HR Services: Payroll, boekhouding, CIPC, persoonlike- en besigheidsbelasting, ens. Skakel Charmain Mitchell 082 493 3557

ITNS: Rekenaar herstelwerk, harde- & sagteware, opgraderings, network ontwerp, hoofrekenaar installering en onderhoud, virus verwydering, ens. Skakel vir Pieter Van Den Bergh by 0824509452

Organiese groente-aanvulling: Bou jou immuunstelsel met organiese groente- poeiers, kry leiding in goeie eetgewoontes. Yolanda De Villiers by 082 819 6977

GoFocus Learning Centre: Remediërende hulp aan leerders met disleksie, ADD, ADHD. Lees, begrip, spelling, handskrif ens. Ontwikkel deur disleksie spesialis. Kontak Freda Grobler by 0824151508

Tyres & More: Bande, nitrogen, remme, skokbrekers, batterye, diens van voertuie uit waarborg, suspensie parte ens. H/v Emnotweni & Madiba Rylaan. Kontak vir Charles Bodemer by 013 752 4388

Werksgeleentheid:

Boekhouer vir Fisioterapiepraktyk: Rekeningkundige kwalifikasie. Vir meer inligting skakel Elzette Kruger by 082 446 2282

Middag versorger vir 2024 vir 3 kinders: Opsoek na n deeltydse vrouestudent of 2023 matriekmeisie wat in die middae kan rondry na aktiwiteite en seker maak hulle doen huiswerk. Whatsapp 0828533502.

Egpaar soek een- of tweeslaapkamer woning om te huur. Skakel Annetjie Klopper 076 309 0004

SUID Onderlinge Sorg

Seën vir die week!

Vriendelike groete,
Jean, Louis en Gerrit